# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 14 MEI 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons sit die reeks preke oor ons lewe onder leiding van die Heilige Gees en die vrug van Sy werk in ons lewe voort. So kort opsomming tot hiertoe:

Johannes 15: 5 - Christus is die ware wingerdstok en ons moet in Hom bly sodat ons baie vrugte vir God kan dra.
Johannes 15: 1 - God (die Boer) het vir Homself ‘n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra.
Johannes 16: 5 - 7 en Gal. 5: 25: Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!

Nou verder: in Galasiers 5: 22 noem Paulus 9 voorbeelde van hierdie vrug van die Gees se werk in ons lewe nl: “liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartig- heid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.” Hierdie lys is nie bedoel om volledig te wees nie en ons vind op ander plekke soortgelyke lyste wat nog ander belangrike werk van die Gees aanwys.

Vandag delf ons verder in Galasiers 5 om te verstaan wat hierdie die wonderlike genade van die vrug van die Gees se werk in ons lewe is. Ons kyk ook na “liefde” as die eerste van hierdie vrug wat genoem word. Kan mense hierdie vrug aan ons geloofsboom sien? Is ons geloofsboom oortrek daarvan en kan ander mense iets daarvan geniet? Ook hulle wat die naaste aan ons lewe?

**Tema: Eerste vrug van die Gees: om God se liefde vir ander mense te gee.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Sb 1 - 6: 1, 2, 3; Lied 169: 1, 2, 3 en
Ps 118 - 2: 1

**God en ons ontmoet mekaar**

Intreelied: Sb 1 - 3: 1, 3 (Mel Aurelia); Votum (ps. 80: 15 - 16); Seën;
Loflied Sb 2 - 4: 1, 2; Geloofsbelydenis: Lees Sb 12 - 2 verse 1, 2, 3 en sing verse 4 en 5;

**Ons verootmoedig ons voor God**

Wet: Fokus op die Sesde Gebod en HK Sondag 40; Sing as antwoord op die wet:
Lied 334:1, 2, 3, 4; Gebed oudl Anton Styger;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**

Skriflesing: Galasiërs 2: 19 - 20 en
Gal. 4: 6 - 7 en 19 - 20 en
Gal. 5: 13 - 26
Teksverse: Gal. 5: 22
Sing Sb 8 - 3: 1 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**

Gebed deur Carina Coetsee; Liefdegawe by die deure; Sing Lied 530: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

**17:00 GROEPBYEENKOMS**

Soos gereël in groepe.

**MEELEWING**

- Tannie Marie Saaiman wat jare lank lidmaat van ons gemeente was, is Dinsdag oorlede. Die afgelope klompie jare het sy erge dimensie beleef en is in Sameul Broadbent versorg. Sy was die afgelope tyd in die hospitaal en is daar oorlede. Haar begrafnis vind Vrydag om 10:00 hier vanuit ons kerkgebou plaas.
- Marthie Schoeman se ondersoeke het aan die lig gebring dat daar nie ‘n operasie op haar rug gedoen kan word nie en dat sy die veelvuldige sklerose waarmee sy worstel, meer gefokus sal bestuur.
- Joke Botha is oorgeplaas na Multisorg vir nasorg en behandeling na haar rugoperasie.
- Rita Kleynhans se rugoperasie is uitgestel.
- Hannatjie du Plessis het haar tweede chemoterapie ondergaan en sukkel kwaai met die newe-effekte daarvan soos pyn en naarheid.
- Marthie Andersen se kankertelling het getoon dat die kanker weer aktief geword het en sy ondergaan op 27 Mei in Pretoria ‘n skandering om vas te stel waar dit probleem is.
- Tobiana Willemse het longontsteking opgedoen en sy is baie siek.
- Daar is baie lidmate wat nou deur griep platgetrek word en sleg siek word. Ons bid vir julle almal.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## ONS VERWELKOM

Annamie Storm wat met bewys van lidmaatskap vanaf NG Kerk Potchefstroom-Oos by ons aansluit. Sy woon in Mooihof nr 7D, groep 28.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**

09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 10
Tee en koffie
12:00 Kenmekaar en kuierbraai: Gemeente-leiers
15:30 Bedieningsfokus-werksessie
Groepbediening (Soos gereël in groepe) – geen gesamentlike groepbyeenkoms

**Maandag**

18:30 Katkisasiediensgroep: Verslae

**Dinsdag**

06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8 - 10

**Woensdag**

10:00 Amandelbloeisels
17:00 Katkisasie gr 11

**Donderdag (Hemelvaartdag)**

18:00 Gesamentlike Hemelvaartdiens: Potch-Oos

**Volgende Sondag**

15:30 Lofsangbyeenkoms

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Ekumenisiteit Buitelands (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir TOPIA.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 20 en 21.

## LOFSANGBYEENKOMS



Ons beplan om die 21ste Mei om 15:30 ñ lofsanggeleentheid te hê. Ons nooi enige een wat graag wil kom om saam met ons die Here in sang en lied te loof. Ons gaan ook saam gesels oor: Hoe moet ons dink oor die werking van die Gees rondom spreek in tale? Bring ñ vriend of vriendin saam en kom loof die Here by hierdie mooi geleentheid.

## KENMEKAAR EN KUIERBRAAI

Baie dankie aan die Diakonie vir hulle moeite om hierdie spesiale geleentheid te reël.

## HULPBEDIENING

- Ds. Pieter en Marthie vd Walt is hierdie week met verlof.
- Ds. Daan en Fransie Bakker is nog in Nederland tot einde Mei.

## VERSOEK OM HULP - SPASIE OM MEUBELS TE STOOR

Elize Abrie, wat na haar man se afsterwe, by oom Johan en tannie Elsa Coetzee woon, se meubels was goedgunstiglik deur bure gestoor. Die bure se huis word verkoop en sy het plek - so groot soos ‘n enkel motorhuis - nodig om haar meubels te stoor. Indien iemand kan help, skakel asb vir ds Piet.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 14 Mei**
Jbr Divan v Rooyen

**Maandag, 15 Mei**
Br Johan vd Walt

**Dinsdag, 16 Mei**
Jsr Carmien Coetzee

**Woensdag, 17 Mei**
Br Christo Snyman *
Sr Natashia Wessels

**Donderdag, 18 Mei**
Br CP Kloppers
Sr Ricky Pienaar
Br Johan Rens

**Vrydag, 19 Mei**
Sr Annatjie Boltman *
Br Botha Burger
Br Pieter Kruger
Sr Alet Prinsloo

**Saterdag, 20 Mei**
Sr Wendy Mouton

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer.

## AMANDELBLOEISELS

Almal word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op 17 Mei om 10:00 in die Skuur. Hoe veilig en paraat dink jy is jy? Omstandighede is besig om vinnig te verander in ons wêreld daar buite ... ons moet asseblief nie onkant betrap word nie!
Kom luister gerus na die goeie wenke en raad oor veiligheid en sekuriteit wat deur ‘n personeellid van die SAP met ons gedeel word - ons gaan daaroor dink en vrae vra en dan heerlik met ietsie om te drink en 'n eetdingetjie gesels en kuier. Almal is baie welkom!

## NUUS VAN HARVESTERS MINISTRIES OOR HULLE EERSKOMENDE BYBELUITREIKPROJEK NA SUID-ANGOLA 26 JUNIE - 8 JULIE

André Jooste laat weet:
Harvesters, Biblica en vennote sal vanjaar duisende Bybels aan nuwe dissipels
deur ons “Eerste Kerk, Eerste Bybel”-projek versprei, en jy word uitgenooi om by die span aan te sluit! Wat ’n wonderlike geleentheid vir jou en jul Gemeente om by Harvesters Ministries aan te sluit tydens een van ons komende
Bybelverspreiding- en Uitreikgeleenthede waar jy die voorreg sal hê om iemand
hul heel eerste Bybel te gee en kerke te besoek wat deur Harvesters geplant is.

Soveel vennote wat so ‘n geleentheid al bygewoon het, getuig dat dit ’n lewensveranderende ervaring vir hulle was en ons glo dat jy dit ook so sal ervaar. Nie net sal jy die liefde van God met ander kan deel nie, maar jy sal ook kan beleef watter impak die Woord van God op talle mense se lewens het.

Ds Reynold Fourie en ‘n span van GK Bellville-Oos gaan saam en indien jy ook wil saamgaan, is jy welkom.
Dit kos ongeveer R 4000.00 om ‘n boks van 50 Bybels daar te gaan oorhandig. Indien jy hiertoe wil bydrae, hier is die bankbesonderhede:
Harvesters Ministries, ABSA Bank
Westgate (Takkode: 632005),
Rekeningnommer: 4075041297
OF Gee AANLYN by
www.harvestersministries.com.

## GKSA-NUUS

**Meelewing**

- Ds JD (Kobus) Venter, emerituspredikant van GK Vryburg, is op 5 Mei 2023 oorlede. Ds Venter was in lewe die predikant van GK Venterstad (1972-1977, GK Sishen (1977-1984) en GK Vryburg (1984-2007)
- Dr JM (Japie) Gerber, emerituspredikant van GK Bethlehem, is op 7 Mei 2023 in die ouderdom van 92 jaar, oorlede. Dr Gerber was die predikant van NG Tarkastad 1958-1961, NG Stilfontein-Sentraal 1961-1967, NG Welkom 1967-1972, NG Bethlehem-Oos 1972-1975, Direkteur Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, NG Bloemfontein 1976-1985, NG Coligny-Oos 1985-1994. Geëmeriteer (NGK) 1994. Op 23 Maart 1999, na ‘n Colloquium Doctum deur die Kuratore van die TSP, word die kandidaatsertifikaat van die TSP aan dr Gerber uitgereik. Vanaf 20 April 1999 tot 7 Mei 2023 was dr Gerber die emerituspredikant van GK Bethlehem.

**Beroepe aanvaar**

• Ds PR (Retief) Gouws van GK Dendron/Magalakwin na GK Bergsig.
• Ds E (Eric) Kayayan van GK Rietvallei na die Oak Glen United Reformed Church in Illinois, VSA.

## KENNISGEWINGBORD

Gratis haarsny vir mans 8-26 Mei Thasa, op HTS se gronde



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS


Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naudé en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ‘n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit.  Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

## BAIE DANKIE

Baie dankie aan tannie Anna en Blok B se susters en ook aan Barend van der Westhuisen vir ‘n baie opbouende kuieraand!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!



Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

**1. Erediens Kinderblad**

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

**2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste**

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |